



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

TIPE OPDRAG: NAVORSING

VAK	:	GEOGRAFIE
KODE	:	GEOG
GRAAD	:	11
KWARTAAL	:	TWEE
EKSAMINATOR	:	GAUTENG SUID
MODERATOR	:	GAUTENG SUID
TYDVERLOOP	:	Vanaf Kwartaal 1 (Fase 1) tot met die konsolidering en voltooiing in Kwartaal 2 (Fase 2)
KABV GEWIG %	:	20
KWARTAAL GEWIG %	:	25
IMPLEMENTERINGSDATUM	:	BEGIN: KWARTAAL 1, VOLTOOI KWARTAAL 2.

Hierdie Asseseringsopdrag bestaan uit 21 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN OPVOEDERS EN LEERDERS

1. Hierdie assesseringstaak is opgestel volgens die riglyne en assesseringstandaarde soos vervat in die Geografie KABV dokument en volgens die Gautengse Onderwys Departement se SBA- riglyne.
2. Hierdie assesseringstaak bestaan uit TIEN afdelings/stappe. Jy moet al die stappe voltooi.
3. Die taak mag/moet voltooi word in TIEN fases.
4. Die totale tyd wat aan hierdie taak toegewys word, is vanaf Kwartaal 1 (Fase 1) tot en met Kwartaal 2 (Fase 2) wat die konsolidering en voltooiing behels.
5. Die voltooiing van al tien stappe van hierdie taak behoort nie langer as die tweede kwartaal te strek nie.
6. Al die inligting is in hierdie Navorsingsriglyndokument ingesluit.
7. Die navorsing kan getik of met die hand geskryf wees; maar moet duidelik en leesbaar wees.
8. Assessering (merk) moet in ROOI pen voltooi word.
9. Eerste vlak moderering (HOD / Senior Onderwyser) moet in SWART pen voltooi word.
10. Tweede vlak moderering (Cluster / Circuit / Distrik-Onderwyser /Moderator) moet in GROEN pen voltooi word.
11. Vakadviseur Moderering (Distrik) moet in ORANJE pen voltooi word.

ONDERWYSER SE RIGLYNE VIR DIE UITVOER VAN NAVORSING

VOORBEELD NAVORSINGSTAAK VIR GRAAD - 11

DIE HIPOTESE TOETS DIE BENADERING VAN NAVORSINGSTAKE IN GEOGRAFIE VOO.

1. Die vereistes volgens die Asseseringsprogram:

Navorsingsaktiwiteite	Stap	Punte	Lengte	Tyd
Formuleer die hipotese	1	15	Stelling	27/01/2020
Kaartwerk	2	10	A4 of kleiner	04/02/2020
Agtergrond oorsig van die studierigting(paragraaf)	3	10	Paragraaf van AGT reëls	26/02/2020
Versamel van data	4	10	75 tot 100 woorde (Foto's/ Vraelyste)	13/03/2020
Analise en sintese van data	5	15	Ongeveer 300 – 450 woorde (Grafieke en Tabelle)	13/04/2020
Aanbevelings en moontlike oplossings	6	10	Gestruktureerde paragrawe van ongeveer AGT reëls elk	27/04/2020
Gevolgtrekking: Aanvaar of verwerp die hipotese	7	10	Paragraaf van ongeveer AGT reëls	04/05/2020
Bibliografie	8	5		
Voorblad	9	5		
Finale aanbieding	10	10		
Totaal		100		
Datum van inhandiging				13/05/2020

2. Die keuse van 'n onderwerp vir die Geografie navorsingstaak (Toetsing van 'n hipotese):

Pas temas by spesifieke onderwerpe in die KABV vir Geografie, byvoorbeeld:

Die atmosfeer: (Die ontleding van weerkundige data oor 'n verlengde tydperk bv. die uitwerking van droogte op die ekonomie.)

Geomorfologie: ('n Studie oor verskillende faktore wat die ontwikkeling van massabeweging beïnvloed)

Ontwikkelingsgeografie: ('n Studie oor Ontwikkeling en die impak daarvan op die plaaslike omgewing)

Hulpbronne en volhoubaarheid: ('n Studie oor die gevolge van beurtkrag op die plaaslike gemeenskap)

RIGLYNE VIR DIE UITVOER VAN GEOGRAFIESE NAVORSING

ONDERWYSERSGIDS


Stap 1: Formuleer 'n hipotese of 'n Geografiese stelling

As Geografe poog ons om die interaksies tussen mense en tussen mense en die omgewing in ruimte en tyd te verstaan en te verduidelik. Dit word bereik deur vrae te vra of ingeligte geografiese besluite te neem oor oorsake, gevolge en oplossings/aanbevelings.


Ontwikkeling van 'n hipotese in Geografie VOO :

- Die leerder moet 'n spesifieke studieveld kies waar 'n geografiese stelling gemaak kan word.
- Gedurende hierdie stadium moet die geografiese stelling wat gemaak is, aan die volgende vrae voldoen:
 - WAAR
 - WAT
 - WAAROM
 - IMPAK OP DIE MENS
 - DIE SLEUTELVRAE VAN KABV (Empiriese Analitiese Benadering)
- Die leerder moet dan die stappe van navorsing volg om te verseker dat die geografiese stelling goed gedefinieer is.


'n Moontlike hipotese in Klimatologie: El Nino verskynsel




'n Moontlike hipotese vir Geomorfologie: Massabeweging.



'n Moontlike hipotese in Ontwikkeling: Groen Stede



'n Moontlike hipotese in Hulpbronne: Kernkrag ontwikkeling



The increase in Electricity has impacted the local community negatively. OR Businesses have suffered financial loss due to tariff increases in electricity costs.

Ander moontlike hipoteses wat nagevors kan word:

- Globalisering het 'n negatiewe impak op die kompeterende ekonomiese posisie van die plaaslike besighede in eTikweni.
- Globalisering het 'n positiewe impak op die ekonomiese uitvoer posisie van plaaslike besighede in Kempton park.

NB: DIE HIPOTESE is 'n GEOGRAFIESE VERKLARING (GEOGRAFIESE ONDERSOEK)

Stap 2: Kartering

- Die leerder moet 'n kaart van die area van belang voorsien.
- Gedurende hierdie fase, word daar verwag dat die leerder 'n buffersone rondom die area van belang skep.
- Die kaart moet 'n duidelike sleutel insluit en op skaal geteken wees. Die skaal moet op die kaart aangedui word.
- As die kaart wat gebruik word 'n groter gebied dek, moet buffersones rondom die area van studie geskep word.
- Die gekose kaart moet die mees onlangse kaart van die studiegebied wees.

Stap 3: Agtergrond inligting oor die studiegebied

- Leerders moet verduidelik waar in Suid Afrika die studiegebied geleë is. Dit moet op die kaart aangedui word.
- Beskrywing van die studiegebied in terme van sy presiese posisie (grade, minute en sekondes) moet ingesluit word.
- Ander relevante inligting rakende die gebied moet ook voorsien word (bv. die bevolking of klimaat van die area)
- Bronne (koerant/internet/tydskrif) moet verskaf word.

Stap 4: Metodes van data-versameling.

- (a) PRIMÊRE DATA BRONNE
- Die gebruik van vraelyste.
 - Onderhoude.
 - Waarneming
 - Uitstappies.
- (b) SEKONDÊRE DATA BRONNE:
- Koerantartikels
 - Staatsdepartementstatistieke
 - Boeke
 - Internet

Stap 5: Ontleding en sintese van data.

- Versamelde data moet nou gebruik word om 'n bespreking oor die bestaande geografiese probleem te formuleer.
- In hierdie fase word daar van leerders verwag om die nodige grafiese voorstelling/illustrasie van die inligting te verskaf bv. grafieke, sketse en tabelle.
- Grafiese inligting moet in hierdie fase ontleed word.

Stap 6: Aanbevelings en moontlike oplossings.

- Leerders moet nou aanbevelings doen om die geografiese probleem in die hipotese op te los.
- Leerders moet aangemoedig word om oorspronklike en realistiese menings sover as moontlik te gee.

Stap 7: Gevolgtrekking – AANVAAR OF VERWERP die hipotese.

- Leerders besluit om die hipotese te AANVAAR of te VERWERP.
- Leerder moet redes verskaf vir die AANVAARDING of VERWERPING van die hipotese.

Stap 8: Bibliografie.

- 'n Omvattende bibliografie moet ingesluit word.
- Lys volledige verwysings van webadresse.
- Bylaes van vraelyste en onderhoude wat gevoer is, moet ingesluit word.

Stap 9: Inhandiging/Voorlegging.

- Die gebruik van grafieke, tabelle, diagramme en foto's/illustrasies, word aanbeveel.
- Maak seker dat 'n geskikte voorblad aangeheg word.

VOORBEELD- NAVORSINGSOPDRAG 1 - GRAAD 11

Kurrikuluminhoud: Droogte

Droogte wat deur El Nino veroorsaak word, dreig suider-Afrika: VN

Februarie 12, 2016



Oor groot dele van Zimbabwe, Malawi, Zambië, Suid-Afrika, Mosambiek, Botswana, en Madagaskar, was die reënseisoen tot dusver die droogste in die laaste 35 jaar, het die Voedsel- en Landbou-organisasie VN (FAO) in 'n verslag gesê.

Die El Nino- weerverskynsel, een van die ergste in 50 jaar, het intense droogte in Suid-Afrika veroorsaak wat 'n "vernietigende" impak op voedselsekureit in die streek gaan hê, waarsku die VN-voedselagentskap op Vrydag.

Die streek se "intense droogte, gedryf deur een van die sterkste El Nino verskynsels van die afgelope 50 jaar, het uitgebrei en versterk sedert die begin van die 2015-2016 landbou- seisoen ".

El Nino is die naam wat gegee word aan 'n weerpatroon wat met 'n volgehoue tydperk van verhitting in die sentrale en oostelike tropiese Stille Oseaan verband hou en wat dodelik en duur klimaatuiterses in dele van die wêreld kan veroorsaak.

Die FAO verslag sê dat die verskynsel " 'n vernietigende impak op oeste en voedselsekureit in Suid-Afrika sal uitoefen". Daar word gesê dat die grootste deel van die streek reeds vertraging in die plantseisoen ervaar, en baie swak toestande vir vroeë ontwikkeling van gewasse en hergroei van weiding beleef. Voorspellings deur 'n verskeidenheid bronne is dit eens dat 'n voorgesette ondergemiddelde reënval en bogemiddelde temperature in die grootste deel van die streek vir die res van die seisoen ondervind sal word.

"Die kombinasie van 'n swak 2014-2015 seisoen, 'n uiters droë, vroeë seisoen (Oktober-Desember) en voorspellings vir die aanhoudende warm en droër-as-gemiddelde toestande regdeur 2016, dui op 'n scenario van 'n uitgebreide, mislukking op streekskaal."

Suid-Afrika, waar droogte- noodgevalle in die meeste provinsies verklaar is, het reeds 'n voorlopige voorspelling van mielieproduksie vir die komende oes van 7,4 miljoen ton uitgereik, wat sowat 25 persent laer is as die swak produksievlakke van die vorige seisoen.

Zimbabwe en Lesotho het ook droogte- noodgevalle verklaar en owerhede in Botswana, Swaziland, Suid-Afrika en Namibië het beperking op waterverbruik ingestel as gevolg van lae watervlakke.

"Terwyl dit nog te vroeg is om gedetailleerde beramings van die voedselsekerheid in 2016-2017 te voorsien, word daar verwag dat die voedselsekerheidsindeks sal verlaag", het die verslag gesê.

Volg die uitleg hieronder vir 'n volledige samestelling van jou navorsingsprojek:

Stap 1: Formuleer die hipotese

Formuleer jou eie hipotese vanuit 'n probleem wat jy geïdentifiseer het.

Wydverspreide droogte in die Wes Kaap as gevolg van die El Nino verskynsel bedreig voedselproduksie en sekuriteit in Suid Afrika.

NB: Leerders moet gebruik maak van die bogenoemde voorbeeld om hulle eie hipotese te formuleer.

Stap 2: Kartering

- Verskaf 'n kaart wat die ligging van die gekose navorsingsarea wat beïnvloed is deur die droogte.
- Die kaart moet 'n duidelike aanduiding insluit van die ligging van die buffersones waar die afname in voedselproduksie sal plaasvind.
 - Areas van die provinsie/plaaslike gebiede wat beïnvloed gaan word, moet op die kaart aangedui word.
 - Die kaart moet 'n duidelike sleutel insluit.
 - Die skaal van die kaart moet duidelik aangedui word.

Stap 3: Agtergrond inligting oor die studiegebied:

- Verskaf 'n kort inleiding en beskrywing (agtergrond inligting) van die stad (studie-gebied) wat gekies is in terme van:
 - Historiese agtergrond
 - Bevolking.
 - Klimaat.
- Beskryf die ligging van die area gebruik vir die produksie van die voedsel in terme van die area wat deur die droogte geïmpak word.
- Ander relevante statistiese informasie.

Stap 4: Data-versameling

- (a) Maak gebruik van ten minste DRIE metodes van dataversameling bv.
- Vraelyste
 - Onderhoude.
 - Uitstappies.
 - Foto's en kaarte.
 - Literatuurnavorsing (koerante, tydskrifte, boeke)
 - Internet

Stap 5: Analise en sintese van data

- Analiseer die data wat versamel is en formuleer 'n verslag oor jou bevindinge. Alle bevindinge moet ondersteun word deur grafieke, foto's, ens.
- Verskaf 'n kort beskrywing in terme van hoe die droogte 'n afname in voedselproduksie in die area gaan veroorsaak.

Stap 6: Aanbevelings en oplossings

- Verskaf gepaste aanbevelings en moontlike oplossings vir die geïdentifiseerde probleem.

Stap 7: Gevogtrekking – AANVAAR/VERWERP die hipotese

- AANVAAR/VERWERP die hipotese gebaseer op jou bevindinge in stap 5.

Stap 8: Bibliografie

- Verskaf 'n bibliografie vir jou navorsing. Indien jy van internet-bronne gebruik gemaak het, moet jy die verwysing van alle webtuistes wat jy gebruik het, volledig verskaf.

Stap 9: Inhandiging

- Versamel al die inligting.
- Inhoudsopgawe moet ingesluit word.
- Maak seker dat afskrifte van die vraelys en/of die vrae wat in jou onderhoude gevra is, as bylae aangeheg word.
- Ontwerp 'n gepaste voorblad.
- Handig die projek in.

VOORBEELD NAVORSINGSTAAK 2 – GRAAD 11

Kurrikuluminhoud: Grondverskuiwing

Grondverskuiwings bedreig Bluff huise



Durban 2016/11/05

Die Madlala familie is deur die burgemeester van Durban, James Nxumalo besoek, nadat hulle hul kind tydens die swaar reën verloor het. Foto deur Sibonelo Ngcobo.

Durban - Ingenieurs en opgrawingsmasjinerie is besig met die opruiming na 'n grondverskuiwing wat die sluiting van spoorlyne op die Bluff veroorsaak het. Dit verontref pendelaars en skep vrese dat nabygeleë huise ook bedreig word. Swaar reën in Durban het twee weke gelede veroorsaak dat 'n steil helling, versadigde grond 50 meter teen die helling af tot op die spoorlyne verplaas het. 'n Hoop sand het 'n gedeelte van die spoorlyn aan die onderkant van Konings Rest Pad bedek en het tot die sluiting van die spoorlyn by Kings Rest stasie gelei. Die wal was 50m bo die spoorlyn en die grondverskuiwing het 'n 30m wye skeur in die helling veroorsaak. Ingenieurs het 'n paar krake van 'n kilometer lank in die wal gevind. Twee huise onder die helling staan die gevaar om ook beskadig te word indien die helling sou meegee.

Ingenieurs, landmeters en amptenare van die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika (Prasa), was Donderdag nog op die perseel om die situasie te beoordeel. Prasa-woordvoerder, Zama Nomnganga, het gesê dat die treindiens ontwig is. Hulle wag op 'n tegniese verslag van Transnet Vrag Vervoer, wat hierdie spoorlyn gebruik, wat sal bevestig wat die presiese oorsaak van die verskuiwing was. "Ons (Prasa) is nog aktief by die Wentworth Stasie, terwyl busse gebruik word om passasiers wat verder reis, te vervoer" het hy gesê. Oorhoofse trein kraglyne moes afgeskakel word omdat sand op 'n stadium tot so hoog opgestapel het dat 'n persoon wat daarop gestaan het aan die kraglyne kon raak. 'n Bluff wyksraadslid, Duncan Du Bois, het 318mm reën by sy huis in die Grosvenor afdeling van die Bluff gedurende die naweek van die grondverskuiwing, aangeteken.

Langa Magwaza, 'n Bluff inwoner, het gesê dat 'n buurman wat met sy hond gestap het, hom in kennis gestel het van die grondverskuiwing 'n paar meter weg van sy agterste muur. "Ons is uiters bekommerd dat as daar weer 'n swaar reënbui uitsak, die bank verder sal ineenstort en 'n deel van ons huis sal saamneem. Ingenieurs het ons verseker dat hulle besig is om die saak te ondersoek" het hy gesê. Magwaza glo onwettige storting op die helling het die helling verder laat erodeer en tot die grondverskuiwing bygedra. Hy het gesê dat hulle gevra het om die pad te sluit om voertuie te verhoed om daar te ry en boumateriaal op die wal te stort.

Die bron het gesê 'n reuse uitgrawing en herontwerp van die helling sal moet plaasvind sodra fondse beskikbaar is. Ingenieurs gaan 'n massiewe stuk van die wal moet stabiliseer om toekomstige verskuiwings te voorkom.

Die eThekweni Munisipaliteit het nie teen die tyd van publikasie kommentaar gelewer nie.

KWAZULU-NATAL / 20 MAY 2016, 06:05 / ZAINUL DAWOOD
Daily News

NB:

Kies die gebied naaste aan jou skool waar 'n grondverskuiwing plaasgevind het as jou navorsingsarea en gebruik die volgende uitleg om jou projek te voltooi:

Stap 1: Formuleer die hipotese

Swaar reënval gekombineer met stedelike ontwikkeling het 'n negatiewe impak op die grondverskuiwing in die Bluff in Durban veroorsaak.

Stap 2: Kartering

- Verskaf 'n kaart van die navorsingsarea.
- Skep 'n duidelike buffersone by die kusstrook wat bestudeer word.
- Die kaart moet 'n duidelike sleutel insluit.
- Die skaal moet op die kaart aangedui word.

Stap 3: Agtergrond inligting in terme van die gebied wat bestudeer word.

- Beskryf die provinsiale ligging van die kusstreek.
- Klimaat – spesifiseer die hoeveelheid reënval wat die area ontvang het.
- Plantegroei.
- Reliëf en topografie.
- Onderliggende rotsstrukture.
- Spesifiseer die stedelike ontwikkeling en grondgebruik in die area.
- Beskryf die menslike aktiwiteite wat in die area plaasvind.

Stap 4: Data-versameling

Versamel data deur gebruik te maak van ten minste DRIE metodes bv.

- Vraelyste
- Onderhoude.
- Uitstappies.
- Foto's en kaarte.
- Literatuurnavorsing (koerante, tydskrifte, boeke)
- Internet

Stap 5: Analise en sintese van data

- Analiseer die versamelde data en formuleer 'n verslag oor jou bevindinge. Ondersteun jou bevindinge met grafieke, foto's ensovoorts.
- Gebruik die versamelde data en bepaal die mate wat die wal deur menslike aktiwiteite geaffekteer is.
- Verduidelik in detail hoe die geïdentifiseerde menslike aktiwiteite die stabiliteit van die wal beïnvloed het.

Stap 6: Aanbevelings en oplossings

- In jou opinie as navorser, wat is moontlike oplossing(s) vir die negatiewe impak veroorsaak deur die menslike aktiwiteite op die wal/helling.
- Verskaf langtermyn aanbevelings vir die Staatsdepartement in terme van wette en regulasies wat die ontwikkeling en aktiwiteite in areas met moontlike massabeweging, beskerm.

Stap 7: Gevolgtrekking – AANVAAR/VERWERP die hipotese

- AANVAAR/VERWERP die hipotese gebaseer op jou bevindinge in die navorsing.
- Verskaf redes vir jou gevolgtrekking.

Stap 8: Bibliografie

- Verskaf 'n bibliografie vir al jou navorsingbronne. Indien enige internetbronne gebruik is, moet 'n volledige lys van die webadresse verskaf word.

Stap 9: Inhandiging

- Versamel al die inligting.
- 'n Inhoudsopgawe moet ingesluit word.
- Maak seker dat afskrifte van die vraelyste en/of die vrae wat in jou onderhoude gevra is, as bylae aangeheg word.
- Ontwerp 'n gepaste voorblad.
- Handig die projek in.

VOORBEELD NAVORSINGSTAAK 3 – GRAAD 11

Kurikuluminhoud: Groen stedelike Ontwikkeling

Menlyn Maine Afrika se eerste “groen stad”



Jackie Gray-Parker • Dec 8, 2015

Pretoria se status as “groen stad” kry 'n hupstoot te danke aan Menlyn Maine, 'n R32bn, 32 hektaar gemengde ontwikkeling wat “groen ontwikkeling” as kern het.

In teenstelling met baie ander ontwikkelings van gemengde grondbesluiting wat oor die algemeen net 'n beperkte reeks van eko-vriendelike inisiatiewe insluit, neem Menlyn Maine volhoubaarheid en eko-vriendelike inisiatiewe tot op 'n heel nuwe vlak, wat dit Afrika se eerste “Groen stad” maak.

In ooreenstemming met die ontwikkeling bied Menlyn Maine 'n mengsel van woonstelle, 'n toegewyde kleinhandel en uiteetarea, mediese fasiliteite, 'n gimnasium, 'n dag spa, hotelle, 'n vermaaklikheidskompleks en parke - wat almal as groen gesertifiseer kan word.

Alle geboue binne Menlyn Maine is ingestel om 'n Vier Ster Groen Ster- gradering deur die Groen Geboue Raad van Suid-Afrika (GBCSA) te bereik. Die ontwikkelaars hoop ook om 'n Leierskap in Energie en Omgewingsontwikkeling (LEED) Buurtontwerp gradering deur die Groen Geboue Raad van die Verenigde State van Amerika (USGBC) te bereik.

Asof dit nie genoeg is nie, is Menlyn Maine een van slegs 16 stede wat deelneem aan die Clinton-stigting se Positiewe Klimaatsontwikkelingsprogram wat saam met regerings en besighede regoor die wêreld werk om stedelike energiedoeltreffendheid te verbeter.

Menlyn Maine se groen doelwitte word grootliks moontlik gemaak deur die feit dat dit deur die Menlyn Maine Vereniging van Eiendomseienaars- vaandel van die vereniging val wat alle instandhouding, verkeersbeheer, herwinning en sekuriteit vereistes beheer.

Daar is baie meer aan Menlyn Maine as net sy groen status. Die stad is ontwerp volgens die jongste verstedelingsbeginsels wat groot klem op voetgangers, geïntegreerde, leefbare ruimtes plaas. Die residensiële komponent is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die bestaan uit ongeveer 350 woonstelle versprei oor twee hoë woonstelblokke en drie kleiner geboue. Die woonstelle sal deur kantore, winkels, 'n gimnasium, die “Stedelike vermaaklikheidsentrum” omring word en sal 'n sentrale park insluit.

Alle inwoners sal ook in staat wees om toegang tot Pretoria se openbare vervoerstelsel te kry wat die vorm van die nuwe BRT-stelsel, die Gautrain busstelsel en 'n nuwe taxi- stasie aanneem. Voorsiening is ook gemaak vir dowe en blinde mense wat binne die grense van die stad bly.

Praat van vervoerdienste, 'n nuwe brug word beplan wat na bewering toegang tot Atterburyweg al hê.

Dit sal direkte toegang tot Menlyn Maine uit die noorde gee en met voltooiing potensiele verkeersprobleme verlig.

Werk aan die ontwikkeling is goed op dreef en talle groot maatskappye het reeds daarna verskuif of beplan om dit in die nabye toekoms te doen. 'n Groot getal besighedsbeleggers het ook reeds in die ontwikkeling belê.

Omdat die koste van energie, die verhoging van verkeersopeenhopings en beskikbare hulpbronne toenemend skaars raak, sal 'n plek binne Menlyn Maine waarskynlik, in die nabye toekoms van hoë waarde wees. Die nuwe ontwikkeling sal ook die omliggende omgewing ophef en grondwaarde sal verbeter.

Stap1: Formuleer 'n hipotese

Die ontwikkeling van Menlyn Main as 'n volhoubare 'Groen Stad' sal die koolstofvoetspoor en impak van verstedeliking in Pretoria en omliggende gebiede verminder.

Stap 2: Kartering

- Verkaf 'n kaart van die area wat bestudeer word.
- Skep 'n duidelike buffersone rondom Menlyn Maine om die gebied wat deur die ontwikkeling bevoordeel word, te illustreer.
- 'n Duidelike sleutel moet op die kaart aangedui word.
- Die skaal van die kaart moet duidelik aangedui word.

Stap 3: Agtergrond informasie oor die gebied wat bestudeer word.

- Beskryf die provinsiale ligging van die Menlyn Maine gebied.
- Klimaat – spesifiseer die hoeveelheid koolstof vrystelling wat ontvang word.
- Plantegroei
- Reliëf en topografie.
- Vervoerroetes.
- Spesifiseer die stedelike ontwikkeling in die gebied.
- Beskryf die menslike aktiwiteite wat in die gebied plaasvind.

Stap 4: Data-versameling.

Versamel data deur gebruik te maak van ten minste DRIE metodes:.

- Vraelyste
- Onderhoude.
- Uitstappies.
- Foto's en kaarte.
- Literatuurnavorsing (koerante, tydskrifte, boeke)
- Internet

Stap 5: Analise en sintese van die data

- Analiseer die data wat versamel is en formuleer 'n verslag gebaseer op jou bevindinge. Ondersteun jou bevindinge met grafieke, foto's ensovoorts
- Gebruik die bogenoemde data om te bepaal tot watter mate die ontwikkeling van die groen stad die koolstofvoetspoor verminder het en hoe dit die omliggende area geaffekteer het.
- Verduidelik in detail hoe die ontwikkeling die koolstofvoetspoor van die stad en die omliggende area verminder het.

Stap 6: Aanbevelings en oplossings:

- In jou opinie as navorser, wat is die moontlike oplossing(s) wat sal lei tot die vermindering van die koolstofvoetspoor in bestaande stede en die beplanning van nuwe stedelike ontwikkelings.
- Verskaf langtermyn aanbevelings aan die Staatsdepartemente wat tot die ontwikkeling van wetgewing kan lei wat die natuurlike omgewing, met stedelike ontwikkelings, sal beskerm.

Stap 7: Gevolgtrekking – AANVAAR/VERWERP die hipotese

- AANVAAR/VERWERP die hipotese gebaseer op jou bevindinge.
- Verskaf redes vir jou gevolgtrekking.

Stap 8: Bibliografie

- Verskaf 'n volledige bibliografie vir jou navorsing. Indien enige internetbronne gebruik is, moet 'n volledige lys van webadresse ingesluit word.

Step 9: Inhandiging

- Versamel al jou navorsing.
- Inhoudsopgawe moet ingesluit word.
- Maak seker dat afskrifte van die vraelys en/of die vrae wat in jou onderhoude gevra is, aangeheg word as bylae.
- Ontwerp 'n gepaste voorblad.
Handig die projek in.

VOORBEELD NAVORSINGSOPDRAG 4 – GRAAD 11

KURIKULUMINHOUD: Kernkrag

Pearly Beach inwoners verwerp die beplande kernkragentrale



Ten spyte van versekering deur Eskom drie jaar gelede dat daar geen planne is om 'n kernkragentrale op die Suid-Kaap kusoord dorpie Pearly Beach te bou nie, het die semi-staatsinstelling die gebied as 'n potensiële ligging vir 'n nuwe kragstasie aangewys.

Die insluiting van Bantams-Klip, net 10 km suidoos van Pearly Beach, as een van vyf potensiële terreine vir die tweede kernkragentrale, het die omgewingsgroep Earthlife Africa, woedend en het inwoners van die rustige kUSDorp in oproer.

Maya Aberman, koördineerder van Earthlife Africa, het gesê hulle sal die proses van openbare deelname monitor en as 'n geregistreerde, belanghebbende en geaffekteerde party kommentaar lewer. "As ons voel dit is nodig om aksie te neem, hetsy deur protes of deur litigasie, sal ons dit doen. Dit is die doel van die regering om kernkragentrales regoor Suid-Afrika te ontwikkel."

Die Eskom Raad het die ondersoek van 'n kern kapasiteit van tot 20 000 megawatt in die volgende 20 jaar, insluitend 'n tweede kernstasie van 4 000 MW goed gekeur. Die voorgestelde drukwater reaktor kragstasie benodig 31ha grond wat die kernreaktor, turbine kompleks, kern stoor brandstof, afval hanteringsfasiliteite en hulpdiens infrastruktuur sal akkommodeer.

In 2005, het Eskom-woordvoerder, Carin de Villiers bevestig dat Eskom die 1 838ha plaas Bantamsklip tussen Pearly Beach en Kaap Agulhas gekoop het as 'n toekomstige tuiste vir 'n kernreaktor, maar dat hul nie van plan was om 'n kernkragentrale in die volgende 10 tot 15 jaar te bou nie.

'n Lewensvatbaarheidstudie oor moontlike terreine vir 'n Korrelbed Modulêre Reaktor het bevind dat twee bedreigde plantegroei spesies, sowel as een van Suid-Afrika se skaarsste endemiese kus voëlsesies, die Afrikaanse swart oester-vanger, in Bantamsklip voorkom.

Eskom het nie teen perstyd op vrae geantwoord nie. Elrina Versfeld, voorsitter van die Pearly Beach Bewaringsvereniging, versoek inwoners om volgende maand in die openbare vergaderings deel te neem. Sy het gesê die konstruksie van die kernkragentrale 'n beduidende impak op die dorp sal hê. "Ons grootste bekommernis is waar al die konstruksiewerkers gehuisves sal word?" Sy het gesê daar is geen oorhoofse kraglyne in die gebied nie en dat dit geïnstalleer sou moes word. "Ons hoop dat die tweede kernkragentrale by Koeberg of in die Oos-Kaap sal wees, en nie hier nie."

Sharon Van Wyk, 22 Mei 2010
Van Cape Times

anel.powell@inl.co.za

Gebruik die volgende uitleg vir die samestelling van jou navorsing:

Stap 1: Formuleer die hipotese

Formuleer jou eie hipotese gebaseer op 'n probleem wat jy geïdentifiseer het bv.

Die gemeenskap van Pearly Beach Kusoord is negatief/positief teenoor die Staat as gevolg van die beplanning van 'n Kernkragstasie in die Overberg by Bantamsklip.

NB: Leerders moet die bogenoemde voorbeeld gebruik vir die formulering van hulle eie hipotese.

Stap 2: Kartering

- Verskaf 'n kaart wat die posisie van die beplande Kernkragstasie in die stad/dorp wat jy geïdentifiseer het vir jou navorsingsprojek aandui.
- Die kaart moet duidelik die buffersones waar die stasie geleë gaan wees, aandui.
- Die geaffekteerde areas/gebiede van die stad/dorp moet duidelik op die kaart aangedui word.
- Die kaart moet 'n duidelike sleutel insluit.
- Die skaal moet op die kaart aangedui word.

Stap 3: Agtergrond inligting oor die studie- gebied

- Verskaf 'n kort inleiding en beskrywing (agtergrond informasie) van die gekose stad (studie gebied) in terme van
 - Historiese agtergrond
 - Bevolking
 - Klimaat
- Beskryf die ligging van die beplande Kernkragstasie in verhouding tot die ligging van Pearly Beach.
- Ander relevante statistiese informasie.

Stap 4: Data -versameling

Versamel data deur gebruik te maak van ten minste DRIE metodes bv.

- Vraelyste
- Onderhoude.
- Uitstappies.
- Foto's en kaarte.
- Literatuurnavorsing (koerante, tydskrifte, boeke)
- Internet

Stap 5: Analise en sintese van data

- Analiseer die versamelde data en formuleer 'n verslag gebaseer op jou bevindinge. Ondersteun jou bevindinge met grafieke, foto's ens.
- Beskryf kortliks hoe die bestaan van die kernkragstasie tot die agteruitgang van die omgewing gaan lei.
- Verduidelik kortliks die bydrae van die Kernkragstasie tot die agteruitgang van die omgewing.

Stap 6: Aanbevelings en oplossings

- Verskaf gepaste aanbevelings en oplossings vir die probleem.

Stap 7: Gevolgtrekking – AANVAAR/VERWERP die hipotese

- AANVAAR/VERWERP die hipotese gebaseer op jou bevindinge.

Stap 8: Bibliografie

- Verskaf 'n bibliografie van jou navorsing. Indien internetbronne gebruik is, verskaf volledige verwysings van alle webadresse wat gebruik is.

Stap 9: Inhandiging

- Versamel al die navorsing.
- Inhoudsopgawe moet ingesluit word.
- Maak seker dat afskrifte van die vraelys en/of die vrae wat in jou onderhoude gevra is, as bylae aangeheg word.
- Ontwerp 'n gepaste voorblad.
- Handig die projek in.

RIGLYNE VIR NASIEN VAN NAVORSING 2019

GRAAD 11

DIE HIPOTESE - BENADERING TOT NAVORSINGSTAKE IN GEOGRAFIE- VOO

NAAM: _____ GRAAD: _____

Stappe	Navorsingsaktiwiteite	Punte	Beskrywing van Aktiwiteit	Onderwys	Moderator	Opmerkings
1	Formuleer die hipotese	15	Stelling			
2	Kaartwerk	10	A4 of kleiner			
3	Agtergrond oorsig van die studierigting	10	Paragraaf van 8 reëls			
4	Versameling van data	10	75 tot 100 woorde (Foto's en vraelyste)			
5	Analise en sintese van data	15	Ongeveer 300 – 450 woorde (Grafieke en Tabelle)			
6	Aanbevelings en moontlike oplossings	10	Gestruktureerde paragrawe van ongeveer AGT reëls elk			
7	Gevolgtrekking: Aanvaar of verwerp die hipotese	10	Paragraaf van ongeveer AGT reëls			
8	Bibliografie	5	Stelling			
9	Voorblad	5	A4 of kleiner			
10	Finale aanbieding	10	Paragraaf van AGT reëls			
	Totaal	100				

OPMERKING:

Onderwyser: _____ Moderator: _____

